

Loof die Here, daarvoor is jy gemaak!

In elke reëltjie van hierdie psalm roep die gemeente mekaar op om God te prys. Daar is immers niemand soos die Here nie. Hy is nie net die Skepper nie, maar ook die Onderhouer en Regeerder van alles wat Hy gemaak het.

Tog was dit nodig dat hulle mekaar telkens weer moes opskep om die Here te loof, want lof is 'n uiting van bewondering, waardering en dank. Hieraan skiet die mens tekort, want die in-sonde-gevalle mens se neiging is veel eerder om te kla en te verwyd, om self die eer te wil ontvang en geprys te word.

Ons moet mekaar ook opskep om die Here te loof en te prys. Ons dra tog beter kennis van God se magtige grootheid en verlossende nabyheid as wat dit vir die Ou-Testamentiese volk in die tempel afgebeeld is, want God het sy grootheid en verlossende nabyheid in Jesus persoonlik gestalte laat kry. Jesus het ter wille van ons gesterwe en uit die dood opgestaan. Ons is wonderlik gered en ons ontvang 'n ryke lewe met God. Ons lewe kan nie anders wees nie as een groot lofprysing van die Here. Die Heilige Gees laat boonop 'n nuwe lewe in ons gebore word, 'n lewe vol dankbaarheid en lof aan God. Hy gee ons 'n oop "oog" vir God se weldade in ons lewe, sodat ons met oorgawe ons Here wil loof en prys.

Besef wie jy was. Besef wie jy nou is in Christus. Onthou die opdrag van Psalm 50:14: "Lof is die offer wat jy aan God moet bring." Vra Hom vandag vir die wysheid waarvoor Paulus in Efesiërs 3:18 bid: "Mag julle in staat wees om saam met al die gelowiges te begryp hoe wyd en ver en hoog en diep die liefde van Christus strek." Prys Hom daarvoor!

Sing: Psalm 150:1, 2, 3

Ds Braam van der Walt (Christiana/Bloemhof)